

Suid-Afrikaanse Gebare Taal is nou die 12de amptelike taal – maar wat is dit?

Kate Huddlestone*

Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) is nou die 12de amptelike taal van die land. Hoewel dit 'n geruime tyd geneem het om by hierdie punt uit te kom, het SAGT uiteindelik die erkenning ontvang wat dit verdien. Dit was inderdaad iets om te vier op die Internasionale Dag van Gebaretaal (23 September) en die Internasionale Week van Dowe wat gedurende die laaste week van September – wat ook Dowe Bewusmakingsmaand was – gevier is. Noudat SAGT 'n amptelike taal is, word daar gehoop dat meer hulpbronne aangewend sal word om die ontwikkeling daarvan op alle terreine van die samelewing te bevorder.

Mense dink dikwels daar bestaan een universele gebaretaal. Dit is egter nie so nie. SAGT is 'n volwaardige taal wat uniek is aan ons land. Net soos bepaalde spreektaal deur lede van 'n sekere gemeenskap gedeel word en vir mense uit ander gemeenskappe onverstaanbaar kan wees, so word individuele gebaretaal ook deur lede van verskillende Dowe gemeenskappe regoor die wêreld gedeel. Omdat verskillende gemeenskappe verskillende gebaretaal gebruik, sal mense uit een gemeenskap wat dit gebruik, tolke nodig hê om mense uit ander gebaretaalgemeenskappe te verstaan. In Suid-Afrika het ons SAGT.

SAGT het natuurlik ontwikkel, net soos Engels, Xhosa en Nama, om maar net 'n paar te noem, hoewel dit deur [gebaretaal van elders in die wêreld beïnvloed](#) is. SAGT het dus sy eie woordeskat en grammatika – dit is nie 'n gebarekode vir Engels, Afrikaans of enige ander gesproke Suid-Afrikaanse taal nie. Soos baie gesproke tale, kan SAGT byvoorbeeld werkwoorddooreenkoms uitdruk – waar die vorm van die werkwoord vir jou sê wie die aksie aan wie doen. Wat egter anders is aan SAGT-werkwoorddooreenkoms, is dat die taal ruimte – die rigting van die beweging van 'n teken – gebruik om dit te doen.

Gebaretaalgebruikers kan ook meer inligting gelyktydig in SAGT oordra as iemand wat byvoorbeeld Engels praat, aangesien gesproke tale vereis dat woorde een na die ander geproduseer moet word. In SAGT kan een klassifiseerderkonstruksie (een teken) die hele betekenis van die frase “die motor ry onder die brug” oordra.

Kinders wat in Dowe gesinne wat SAGT gebruik, gebore word, leer die taal van hul ouers teen [dieselfde spoed en orde](#) as wat kinders wat kan hoor, 'n gesproke taal aanleer, hoewel hulle moontlik 'n bietjie vroeër al hulle eerste tekens te produseer, aangesien die motoriese ontwikkeling van die hande vinniger is as dié van die spraakorgane. Dit is egter belangrik om daarop te let dat meer as 90% van Dowe kinders in horende gesinne gebore word en moontlik nie vroeg in hulle lewens al aan 'n gebaretaal blootgestel word nie, wat tot [taalveragtering](#) kan lei.

Wat ook interessant is, is dat gebaretaal, insluitende SAGT, in dieselfde gebiede in die [linkerhelfte van die brein](#) verwerk word as gesproke tale – wat beteken dat taal, of dit nou in die gehoor-mondelinge modaliteit van spraak of die visueel-gebare modaliteit van gebaretaal vervaardig word, taal is!

Die woordeskat van SAGT stel gebruikers in staat om dieselfde subtiele, tegniese en komplekse betekenis uit te druk as wat sprekers van gesproke tale doen. Die woordeskat kan ook uitbrei om nuwe konsepte in te sluit – 'n proses wat deur die Universiteit Stellenbosch se [HandLab](#), 'n SAGT-kurrikulumontwikkelingsprojek, ondersteun word en wat daarop gemik is om Dowe leerders in Suid-Afrika deur geletterdheid en taalontwikkeling te bemagtig. En net soos gesproke tale dikwels baie woorde vir dieselfde konsep het – die gebruik van verskillende woorde, afhangende van waar jy grootgeword het, hoe oud jy is of wat jou sosiale stand is – het SAGT ook baie [leksikale variasie](#),

hoewel dit in hierdie geval dikwels die gevolg is van die skool wat jy bygewoon het. Die vingertaalfabet stel natuurlik gebruikers in staat om 'n Engelse – of uit enige geskrewe taal – woord in SAGT bekend te stel.

Een kenmerk van die SAGT-woordeskat en ook van sekere aspekte van die grammatika, is “ikonisiteit”. Hoewel gesproke tale wel “ikonisiteit” toon – waar die vorm die betekenis weerspieël – soos met klanknabootsing ('n woord wat klink soos die klank wat dit beskryf) en ideofone (woorde wat sensoriese ervaring lewendig uitbeeld en wat in baie Afrika- en Asiatiese tale voorkom), kom ikonisiteit baie meer in gebaretaal voor. Die vorm van die teken vir “baba” in SAGT gebruik byvoorbeeld die aksie om 'n baba te wieg – wat selfs herkenbaar is vir mense wat nie SAGT gebruik nie. Baie tekens is egter nie ikonies nie, en mense wat nie die taal gebruik nie en selfs gebruikers van ander gebaretaal, sal nie kan agterkom wat die betekenis van die tekens is nie.

Die instelling van SAGT as die land se 12de amptelike taal, is 'n belangrike stap op die pad na 'n inklusiewe land, maar daar moet nog baie werk gedoen word om Dowe Suid-Afrikaners in staat te stel om billike toegang tot onderwys en dienste te verkry. Om te verstaan wat SAGT as taal van die Suid-Afrikaanse Dowe gemeenskap is, sal hopelik tot hierdie doelwit bydra.

***Dr Kate Huddlestone is 'n senior dosent in Gebaretaal-taalwetenskap in die Departement Algemene Taalwetenskap by die Universiteit Stellenbosch.**